

31 Maart

**Skrifgedeelte: Jeremia 42 en 43
Fokusgedeelte: Jeremia 42:1-16 en 43:1-4**

Eiewilligheid is 'n gruwel voor die Here

Die ballingskap is nou 'n voldonge feit. Diegene wat in Juda agtergebly het, versoek die profeet Jeremia om God namens hulle te raadpleeg, sodat hulle kan weet wat die Here wil hê dat hulle moet doen. Dit klink baie mooi en vroom, maar tog skemer daar iets anders deur. Hulle wil wel die Here raadpleeg, maar dan verwag hulle dat die Here moet sê wat hulle graag wil hoor. Die ou streek van die volk steek weer kop uit, naamlik dat solank die profete profeteer wat hulle wil hoor is alles goed en wel, so nie volg hulle hul eie kop (Jer 8:11). Hulle is gehoorsaam solank hulle kan doen wat hulle wil. Dit is helaas ook die tendens by gelowiges deur al die eeue. Ek hoor net wat ek wil hoor, of doen net wat ek besluit die beste vir my in my omstandighede is... so asof ek dink: Die Here sal verstaan, al stem dit nou nie presies ooreen met wat die Woord van die Here sê nie. Hierdie benadering van diegene wat nog in Juda was, het God se oordeel oor hulle laat kom. Ons bid vir leiding en dat God se wil met ons moet geskied, maar ons doen steeds dit wat ons ons voorgeneem het om te doen. Dit is eiewilligheid wat 'n gruwel in die oë van die Here is.

Sing: Psalm 2:6

Ds DL de Beer (Emeritus)